DolfynNuus

Laerskool De Hoop

Einde 2017 6 Desember 2017

Geagte Ouers

Wat ‘n wonderlike en geseënde jaar was dit nie! 2017 sal ongetwyfeld onthou word vir sy suksesse en voorspoed. Ja, daar was moeilike tye, maar ons dank ons Hemelse Vader vir sy bystand en hulp. Ons het daardeur gekom en net nog meer seën ervaar.

Ons wens elke gesin ‘n baie Geseënde Kersfees toe. Mag die Christusvrede elkeen van u omvou en mag elke familie ‘n wonderlike tyd saam ervaar.

Mag 2018 vir elkeen van u ‘n oorvloed blydskap, vrede en geluk inhou. Ry versigtig, rus lekker en kom veilig terug!

Meriete-aand
Ons opregte dank aan Exceed Chartered Accountants wat die onlangse Meriete-aand geborg het. Ons waardeer u belangstelling in ons skool opreg.

Die Burger-Kersfonds
Baie dankie aan elkeen wat by ons Dankdiens tot hierdie verdienstelike saak bygedra het. Hou gerus Die Burger dop om te sien wanneer ons bydrae gepubliseer word.

Dankie aan OOV
Aan ons OOV-span wil ons ‘n besondere woord van dank rig vir die geweldige groot taak wat hulle hierdie jaar só suksesvol verrig het.

Die tyd en energie wat elke OOV-lid opgeoffer het om al die projekte so suksesvol af te handel, word opreg waardeer. De Hoop is werklik bevoorreg om met so ‘n voortreflike span te kan spog.

Ons wens julle ook ‘n aangename tyd van rus saam met julle gesinne toe.

Personeel 2018
Aan die einde van hierdie jaar neem ons van die volgende personeel afskeid:

- Mev. Jana Meyer (Gr 5A3) sal volgende jaar ‘n ruskansie neem en sal weer in 2019 terugkeer.
- Me. Jade Mayne (Gr 5E2) verlaat ons na bietjie meer as ‘n jaar om voltyds op haar hokkieloopbaan te fokus. Ons wens haar alle voorspoed toe.
- Mnr Rian Esterhuyse (Gr 6A3) verlaat ons. Hy het in die plek van Me. Monique Jansen van Rensburg waargeneem wat op kraamverlof was.

- Me Wilmari Reynecke (Musiek) verlaat ons musiekdepartement. Sy het 'n pos elders aanvaar.
- Me Leonie van Niekerk (Musiek) het ons in die musiekdepartement uitgehelp, eers op 'n tydelike basis en daarna permanent.
- Mnr Jan Gerber (Skoolopsigter) tree af na 5½ jaar by De Hoop.
- Me Reinette Gerber (Gr 1 Assistent) verlaat ons om haar welverdiende aftrede te geniet.
- Me Arina le Roux (Nasorg) tree ook af. Sy is sedert 2012 by De Hoop.

Dankie aan elkeen van hierdie personeellede vir hulle lojaliteit en diens oor die jare. Ons wens hulle alle voorspoed toe vir hulle toekoms.

Ons heet graag die volgende personeellede welkom wat in 2018 by ons aansluit:

- Me. Kristen Bruwer – Gr 1E1
- Mev. Marise Viljoen – Gr 5E2
- Mnr. Ulrich Gunter – Gr 5A3
- Mev. Carin de Beer – Musiekdepartement
- Mev. Anneke van Loggerenberg – Musiekdepartement

Ons vertrou dat hulle almal baie gelukkig by ons sal wees en dat hulle gou deel van die De Hoop-familie sal word.

Personeel

Die 2018 registeropvoeders sien as volg daaruit: (Graadhoofde is in **vetgedruk**)

Gr 1A1	**Mev C. Beukes**
Gr 1A2	Mev Y. Botha
Gr 1A3	Mev. D. Kotze
Gr 1A4	Me M le Roux
Gr 1E1	Me K Bruwer
Gr 1E2	Mrs C. Hutton
Gr 2A1	Mrs M. Neethling
Gr 2A2	Mev M. Gaus
Gr 2A3	**Mev L. van Zyl**
Gr 2A4	Mev C. Weidemann
Gr 2E1	Mrs B. Honner
Gr 2E2	Mrs C. Coetzee

Gr 3A1	**Mev M. Allers**
Gr 3A2	Mev L. Barnard
Gr 3A3	Mev E. le Roux
Gr 3A4	Mev M. Strydom
Gr 3E1	Mrs A. Thiart
Gr 3E2	Mrs J. Krynauw
Gr 4A1	Me T. Smuts
Gr 4A2	Me L. Cilliers
Gr 4A3	Mev C. Maree
Gr 4A4	Me C. Prins
Gr 4E1	Ms M. van der Merwe
Gr 4E2	**Mrs R. Burger**
Gr 5A1	Mev A. Noordman
Gr 5A2	Mnr N. Furno
Gr 5A3	Mnr U. Gunter
Gr 5A4	**Mev L. Wichers**
Gr 5E1	Mr L. Joseph
Gr 5E2	Mrs M. Viljoen
Gr 6A1	Me M. Dearlove
Gr 6A2	Mev T. Hoffmann
Gr 6A3	Mev M. Jansen van Rensburg
Gr 6A4	Me L. du Toit
Gr 6E1	Mrs L. Jansen van Rensburg
Gr 6E2	**Mr D. Neethling**
Gr 7A1	Mev L. Basson
Gr 7A2	Me K. Brown
Gr 7A3	Mev B. Smit
Gr 7A4	**Mev H. Botha**
Gr 7E1	Mr H. Herrewyn
Gr 7E2	Mr S. Sharp

Finansies

Debietorders

Alle debietorders wat met die laaste twee aftrekkings van 2017 aktief was, sal in 2018 voortgaan. Bedrae sal volgens die nuwe skoolfooi en aantal kinders in die skool aangepas word. Die eerste aftrekking sal gedoen word op 1 Februarie 2018 en daarna op die 1ste van elke maand.

Ons versoek dat ouers hul bankstate ná hierdie aftrekking noukeurig sal nagaan en die finansiële kantoor sonder versuim in kennis sal stel indien enige foute gevind word. Neem asseblief kennis dat indien die vordering onsuksesvol was, die agterstallige bedrag die volgende maand gehef sal word. Sou u besluit om nie

meer van die debietorderstelsel gebruik te maak nie, moet u die finansiële kantoor voor die 15de van die maand SKRIFTELIK verwittig.

Skoolfonds 2018
R 16 390 per jaar (**R1 490** x 11 mnde Jan - Nov)

· Eenmalig voor 31 Desember = **6,5%** korting (R 16 390 – R1 065 = **R 15 325**)
· Eenmalig voor 31 Januarie = **5,5%** korting (R 16 390 – R 901 = **R 15 489**)

2 betalings voor 31 Januarie en 30 Junie = **3,5%** korting (R16 390 ÷ 2 = R 8 195.00 – R286.00 = **R 7 909**)

Nasorg 2018
R11 160 per jaar (**R1 116** x 10 mde (Feb – Nov)

· Eenmalig voor 31 Desember = **6,5%** korting (R11 160 – R 725.00 = **R10 435.00**)
· Eenmalig voor 31 Januarie = **5,5%** korting (R11 160 – R 725.00 = **R10 547.00**)

2 betalings voor 31 Januarie en 30 Junie = **3,5%** korting (R11 160 ÷ 2 = R 5 580 – R 195 = **R 5 385**)

Uur	R 45
Dag	R100
Vakansie	R100/dag nie-lede
	R 45/dag lede

2018 Voorlopige datums
Die voorlopige datumlys vir die eerste kwartaal is hierby ingesluit. Die finale weergawe sal volgende jaar op die Kommunikeerder geplaas word.

2018 Eerste kwartaal buitemuurse rooster
Die buitemuurse rooster is op die Kommunikeerder gelaai vir u gerief.

De Hoop's got Talent
Volgende jaar sal hierdie talentkompetisie in die eerste kwartaal op 16 Maart plaasvind. 'n Brief in hierdie verband is op die Kommunikeerder gelaai.

JW Cillié
SKOOLHOOF
www.dehoopps.co.za